



De Roeper

Welaen Vrunden

WIE TOER SAAM NA DIE HEERENLOGEMENT?

Op **Dinsdag, 14 Augustus 2018** vertrek ons op ons tiende toer na afgeleë plekke waar die *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* sy spore gelaat het. Dié keer volg ons die **veeruilers** wat na die Namakwa toe gereis het om trekbeeste vir die Kompanjie se vervoerstelsel te soek. Hul name staan in VOC-dokumente wat in die Argief bewaar word en, as bewys dat dit werklik gebeur het, ook *'met een kout beitel stont uit gekapt'*¹ op rotswande daar waar ons heen gaan. As ons in gedagte hou dat beide Boesman-etswerk en posklippe van vóór Van Riebeeck dateer, dan is hierdie die **oudste VOC-petrogliewe** in die land. Die oudste gebeitelde naam is van 1682, net **dertig** jaar na Van Riebeeck hier gekom het. U sal uitvind: Hier was veel, veel meer ter sprake as 'n simpele 'verversingstasie,' soos ons skoolboeke dit noem.

Die Heerenlogement is 'n oorhangkrans teen 'n klipkop omtrent 30 km noord van Graafwater. Die voetpad daarheen is effens steil en klipperig, maar ons loop rus-rus. Die grot se mure is oortrek met die name van onder andere Kompanjie-soldate wat ruiltogte gelei het. Vyf van hulle was die poshouders van bekende buiteposte. **Simon van der Stel** het in 1685 by die Heerenlogement vertoef - miskien is dit die oorsprong van die naam - en die landsreisiger Francois le Vaillant het in 1783 'n week daar deurgebring. Daar is amper 200 name teen die grotmuur gebeitel. Bekendes soos Starrenburg, Thunberg, Swellengrebel, Gordon en ander het weer die grot besoek sonder om hul name agter te laat. Later het sendelinge, botaniste en handelaars hul name bygevoeg. Die plaas *Heerenlogement* in Namakwaland is in 1732 aan Jacob Cloete toegeken, slegs tagtig jaar na Van Riebeeck se aankoms. Toe het die sterk, eens veeryke Namakwa-stam van vroeër **nie meer bestaan** nie.

Wie was die mense? Waarom was die veeruiltogte nodig? Hoe het hulle verloop? Wat was die gevolg vir die inheemse mense?

Daar is op ons toer ook iets besonder vir **liefhebbers van die Afrikaanse digkuns**, want ons reis deur C.L.Leipoldt se hartland met die letterkundige prof. Wium van Zyl as ons gids. Hy het verskeie publikasies oor Leipoldt op sy naam, byvoorbeeld oor die manjifieke gedig *'Oom Gert vertel'* en oor sy rol as oorlogskorrespondent. Daarby was Wium nou betrokke by John Kannemeyer se biografie van Leipoldt en later by hul letterkundige toere na die wêreld van digters en skrywers. En as die natuur vanjaar saamspeel, gaan ons mooi **lentebloem** sien.

Ons laat ons motors by **Huis der Nederlanden** in Pinelands en vertrek om **halfagt** daarvandaan. Ons eerste besoekpunt is die Huismuseum en die VOC-seinkanon op **Piketberg**. Dan steek ons die Bergrivier en later die Piekenierskloof oor. Ons geniet middagete by die Piekenierskloof restaurant onder Meerhofskasteel, ry noord in die Olifantsriviervallei op en kom in die namiddag op **Clanwilliam**, 'n ou Britse Setlaarsdorp. **Leipoldt se graf** in 'n Boesmanskuiling in die Sederberg is ons volgende besoekpunt. Wanneer ons op Clanwilliam terug kom, gaan kyk ons na die **Ou Tronk Museum** met uitstallings oor onder andere hierdie dorp se beroemdes soos Leipoldt, Dirk Ligte en

Tolla van der Merwe. Dan vertrek ons na ons blyplek, die Cedar Rock Resort. Na aandete in **Reinholdts Restaurant** (met die gewone heildronk 'Huis van Oranje!') is daar 'n kort skyfievertoning, *Die VOC se veeruilers en die Koina*, ter voorbereiding vir wat ons die volgende dag gaan sien.

Die volgende oggend vertrek ons om agtuur na ons ontbytplek buite Graafwater. Daarna ry ons op grondpaaie; ons besoek eers die plaas **Berghfontein** waar drie VOC-toggangers hul name gebeitel het, 'n plek al eeue lank bekend vir sy **eggo's**; Simon van der Stel het op 14 September 1685 sy trompetter laat blaas om die 'meenigte van weergalmen' te hoor. Daarvandaan voort na die **Heerenlogement**, met sy merkwaardige versameling historiese name uit tye toe die vermoë om jou naam te kan skryf iets was om mee te spog. Maar party van daardie hande het bloed aan gehad.

Vir middagete is ons op **Lambertsbaai**, in die restaurant Isabella met 'n uitsig op die hawe. Net om die hoek is die **Sandveld Museum**, waar rariteite soos oorblyfsels van HMS *Sybille*, 'n perdemeul, 'n breipaai en 'n groot versameling bergskilpaaie te sien is.

Ons terugreis is **kuslangs** oor Elandsbaai, Verlorenvlei, Dwarskersbos, Laaipelek en die Slagtersveld. As alles goed gaan kom ons teen sonder terug in Pinelands.

Die prys van R1720,00 per persoon vir persone wat 'n kamer deel (vir enkelkamers is 'n bybetaling van R400 nodig) sluit in vervoer, maaltye, verblyf en donasies aan drie plattelandse museums wat nie deur die provinsie befonds word nie. Alkoholiese drank is vir eie rekening. U word aangeraai om vroeg te bespreek, want ons het **net 18 sitplekke** op die bus. As u wil saam toer, plaas asseblief die korrekte bedrag elektronies oor na die Stigting VOC se bankrekening. Geen kontant of tjeks nie; dit kos amper R25 om 'n tjek te deponeer. Gebruik die volgende inligting:

Naam: Stigting VOC Foundation

Bank: Nedbank

Tak: Somerset-Wes

Kode: (onnodig)

Rekeningnommer: 1145512305

Verwysing: Toer

NB: Maak seker dat u naam / name daar by is.

Stuur dan **bewys van betaling, u naam / name en telefoonnommer** aan Sekretaris Rudolf Rode, rodecb@icloud.com

Ons noodfoonnommer vir die oggend van vertrek is 082 -704 - 9163.

Ons vertrou dat die toer, soos ons vorige nege toere, een groot plesier gaan wees. Onthou asseblief dat ons uitstappies op eie risiko geskied.

--

I. Daghverhaal van den luitenant Kaje Jesse Slotsbo, 1712. Nationaal Archief, Den Haag.

Behouwe vaert. Slammat jalan

D. Sleigh (Redakteur)

Jean Sleigh (Tegnies)

19 Julie 2018